



God se Engele Hou oor Ons die Wag

Elke koning het sy diensknegte. Die diensknegte of dienaars doen alles wat hul koning aan hulle opdra. Hulle gaan oral waarheen die koning hulle ook al stuur.

God is die groot Koning oor almal. Hy is Koning oor die *hele* aarde, en ook oor die hemele. En Hy het 'n *groot leërmag* van diensknegte. God se diensknegte is die heilige *engele*.

Baie lank gelede, nog voordat God vir Adam en Eva geskape het, het God die engele *geskape*. Hulle is sy diensknegte, en hulle is baie gelukkig! Hulle prys Hom, en doen altyd presies wat God van hulle vra.

Ons kan nie die engele *sien* nie. Ons *kan* hulle nie sien nie, omdat hulle geeste is. Maar ons weet dat God hulle na die aarde toe stuur om ons te beskerm en te help. Hulle kom in ons huise, ons kerke, en ook in ons skole. Hulle gaan *oral* waarheen God hulle stuur en doen presies wat *Hy* graag wil hê hulle moet doen.

Die Bybel vertel ons van 'n baie dapper man, Daniël. Daniël was nie bang om sy God te aanbid nie, al het die koning van Babilon gesê dat hy dit *nie* mag doen nie.

Die koning het toe 'n wet uitgevaardig wat sê: Vir dertig dae lank mag niemand tot sy God bid nie. As hy enigiets nodig het, mag hy net vir *my*, die koning van Babilon, kom vra. As enige iemand wel tot sy God bid, sal hy in die leeuuil gegooi word.

Die vensters van Daniël se huis was oop. Sommige van die manne het toe gesien hoe hy neerkniel om te bid. Hulle het niks van Daniël gehou nie en hom gehaat. Hulle hardloop toe na die koning om vir hom te vertel dat Daniël

ongehoorsaam is en nie na die koning se nuwe wet luister nie.

Toe sê hulle, "O koning, daardie nuwe wet wat u laat afkondig het, dat niemand vir dertig dae lank tot sy God mag bid nie, of anders word hy vir die leeus gegooi - ons het gesien dat *Daniël* hom glad nie daaraan steur nie, maar steeds, driemaal op 'n dag, neerkniel om te bid!"

Toe die koning dit hoor, was hy baie hartseer. Hy was so lief vir Daniël. Maar hy kon nie toelaat dat *enige* iemand *nie* sy wet gehoorsaam nie. Daarom het hy vir Daniël laat haal, en vir sy diensknegte gesê hulle moet vir Daniël in die leeuuil gooi.

Arme Daniël! Toe die manne hom in die kuil gooi, het hy dieper en dieper in die kuil geval. En die leeus kom *aangehardloop* om hom te verskeur...

Maar...hulle het Daniël nie verskeur nie! Hulle kon nie! Hulle was baie honger, en wou so *graag* vir Daniël opeet, maar God het sy *engel* gestuur om die leeus van Daniël af weg te hou. Die leeus kon nie eens hulle bekke oopkry om hom op te eet nie!

Die volgende oggend vroeg, toe dit lig word, het die koning opgestaan en haastig na die leeuuil gegaan, en vir Daniël geroep, "Daniël, was jou God in staat om jou van die leeus te verlos?"

Daniël antwoord toe, "My God het sy engel gestuur en die bekke van die leeus toegesluit."

So stuur God sy engele om ook vir jou en vir my te sorg en te beskerm. Ons kan hulle nie sien nie, maar ons weet hulle is naby ons, omdat die Bybel dit vir ons leer..

Wat ons kan lees:

Daniël 6:16-23

Gesels hieroor:

1. Kan jy onthou van 'n verhaal van die engele wat God geprys het?

2. Dink jy die engele is bly en gelukkig om God te dien?
3. Hoekom kan ons hulle nie sien nie?

Die Bybel sê:

...want Hy sal sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al jou weë.

(Psalm 91:11)

Kom ons leer 'n lied oor Daniël, wat op sy God vertrou het.

1. Darius, vors van Babilon,
stel drie ministers aan.
Hy kies die jong man, Daniël,
om bo almal te staan.
2. Die ander kan dit nie verdra
en smee 'n bose plan:
Om Daniël vir die leeus te gooi,
dan's dit met hom gedaan.
3. Maar Daniël het God gevrees
en was vir hul nie bang.
Hy het volhard in sy gebed,
die leeus kon hom nie vang.
4. Want hy, gelowig en opreg
in al sy woord en werk,
vertrou op God, sy Koning, vol
van Almag, wondersterk!
5. So spaar die HEER vir Daniël
En red hom van die dood –
Ja, elkeen wat op Hom vertrou,
verlos Hy uit die nood.
6. Prys God, die Koning wat oor alle
aardse mag regeer!
Laat ons Sy Naam bely en Hom
met blydschap dien en eer!

Gebed:

Onse Vader, ons dank U dat u engele oor ons die wag hou. Help ons asseblief om U net so met blydschap te dien as wat die engele in die hemel dit doen. HERE, so mag ons U naam verheerlik, om Jesus' wil. Amen.

Marian Schoolland

© 2018
www.christelikemedia.org

*Hierdie hoofstuk uit 'Leading Little Ones to God'
is deur Marianne Bron vertaal.*